

'Hents op bokkor of ik schiet'

Hannes Oberholzer

Daar is 'n interessante storie verbonde aan die gravures op die ysterklip wat hieronder afgebeeld is. Dié klip is onlangs deur bemiddelling van Mnr A Jooste vanaf die plaas Poortjie in die distrik Luckhoff na die Nasionale Museum gebring, want een van die besproeiingskanale van die P K le Rouxdam word oor dié plaas gegrawe en daar is gevrees dat die klip in die slag sou bly of moontlik beskadig kon word.

'n Foto van dié klip is op 22 Februarie vanjaar deur *Die Volksblad* gepubliseer en in die onderskrif is vermeld dat "'n onbekende persoon, P J van der Bijl Lambrechts" die inskripsies op 28 Maart 1902 gemaak het.

Reaksie van twee *Volksblad*-lesers uit verskillende oorde het nou meer lig gewerp op die oorsprong van die inskripsie. Mnr J J Lambrechts van Magalieskruin skryf soos volg: "My vader se volle name was Pieter Johan

van der Bijl Lambrechts . . . Hy was in die Jacobsdal-kommando en het omtrent vir die duur van die oorlog in die omgewing van Koffiefontein, Jacobsdal, Fauresmith, Jagersfontein en Luckhoff rondgeswerf. Ek sien op die klip ook die woorde Koeka Kakie. Dit was my vader se gesegde: *Koeka Kakie hents op bokkor of ik schiet*. Tot my spyt het ek hom nooit gevra wat die woord "koeka" beteken nie. Die skrif op die klip vergelyk goed met dié van my vader, maar die tekeninge sal ek beslis nie aan hom toeken nie. My vader is in 1962 oorlede." As naskrif voeg Mnr Lambrechts by: "Is die jaartal 1902 duidelik? Want in 1907 het my vader op die plaas Vaalpan in die distrik Luckhoff gewoon."

Dit is 'n interessante opmerking want die syfer 2 in 28 Maart en 1902 verskil van mekaar en dit is dus moontlik dat die jaartal wel 1907 is.

Mev. I H Pierce van Pk. Kubuta, Swaziland, skryf soos volg: "Wyle Pieter J van der Byl Lambrechts was my oom, my ma se jongste broer. . . Hy was twintig toe die oorlog in 1899 uitbreek het. Hy het onder kommandant Pretorius geveg, onder meer in 'n veldslag teen Lord Roberts. 'n Paar jaar gelede het ek my moeder beweeg om al haar herinneringe van die Anglo-Boereoorlog op skrif te stel. Sy beskryf daarin hoe Oom Pieter op sy geliefkoosde perd Sem oorlog toe gery het met sy Mauser. Die Mauser het deel van hom geword en hy het drie jaar lank met sy roer in die arm geslaap. Sem het hom getrou deur die oorlog gedra, maar is ná vredesluiting deur die Engelse gekonfiskeer.

"Oom Pieter het 'n vooraanstaande boer in Kaapland geword met 'n skerp belangstelling in die politiek. Ek glo nie sy gevoel teenoor die Engelse het ooit verander nie."

